

die droom lééf

Veertig jaar gelede het die droom om voltyds in Afrikaans musiek te maak, na 'n lugspieëling gelyk. En tog het Jannie du Toit dit reggekry. Deur Mariette Snyman

Die van ons wat al jare onder die betowering van Jannie du Toit se gevoelvolle musiek is, het iets om voor dankbaar te wees: dat Jannie se kunstenaarsdroom van die begin af sterker was as sy twyfel.

"In die vroeë jare sewentig het die kans om 'n bestaan uit Afrikaanse musiek te maak uiters skraal gelyk," vertel hy. "Ons het wel na Kobus en Hannelie, Groep Twee, die Claude Larsson-sangers en Tony en Jan geluister, maar hulle kon nie met die Beatles, die Rolling Stones en Simon & Garfunkel meeding nie. Afrikaans se staanplek in die bedryf was bitter klein. Ek onthou dat my matriekmeisie op 'n keer gesê het daar sou nooit goeie ligte musiek in Afrikaans wees nie. Ek het gedink: Daar sál wees, al moet ek flippen self gaan probeer!"

Vandag bevestig Jannie se omvangryke optredegeskiedenis, rits plate en CD's en toekennings - selfs 'n erepenning van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns - dat hy dit "flippen" maak werk het. En hoewel hy saam met talle kunstenaars opgetree het, word sy naam seker die meeste in dieselfde asem as dié van Christa Steyn genoem. Sy is al 25 jaar lank sy "musiek-, reis- en geesgenoot". Saam het hulle meer as 25 produksies op die planke gebring en in twintig lande opgetree. Afgesien van haar buitengewone musiek talent, is Christa nog veelsydig ook. Min mense wat haar in *Jannie en die Tannie* gesien het, sal haar skalkse sin vir humor kan vergeet.

In Junie vanjaar is bors- en lewerkanker by Christa gediagnoseer. Die behandeling tas haar soveel aan dat sy Jannie nie in die

teaterproduksie *Onderweg*, wat van September tot Desember landswyd aangebied word, sal kan begelei nie.

"Die nuus het mense diep geraak. Coenie de Villiers het ná sy aangrypende onderhoud met Christa op *Kwêla* gesê in die vyftien jaar wat hy die program aanbied, het hy nog nooit so 'n groot reaksie gekry nie. Ek is ongelooflik dankbaar dat die liewe Here Christa op my pad gebring het. Ek sou artistiek nie naastenby soveel kon gegroei het as dit nie vir haar was nie."

Oop deure

Jannie het in 1971 as regstudent aan die destydse Randse Afrikaanse Universiteit in die universiteits-band Sterau begin sing. Die jaar daarop het hy sy eerste Afrikaanse liedjie, "Rosa Rosarum", geskryf en in 1973 die folk-groep Trilogie saam met Andy Lubbe en Clive Doubell gestig.

"Ons is vir die eerste keer op die radio-program *Studentevaria* gehoor en het ook 'n platekontrak gekry. Maar van ons twee solus seweplate, *Anitalief* en *Droom van stille waters*, is nie 'n enkele een verkoop nie. Later het ons besef die platemaatskappy was verplig om nuwe, plaaslike kunstenaars se musiek op te neem, maar nie om dit te bemerk nie. Ander projekte was winsgewender.

"Tog was ons vol moed. Ons het op die proefuitsendings van die eerste Suid-Afrikaanse TV-kanaal verskyn en die eindronde van die Crescendo-kompetisie gehaal. Ons tweede *single* het eervolle vermelding op die American Song Festival gekry: die enigste uit honderd Suid-Afrikaanse inskrywings wat vereer is. Dit was 'n deurbraak, hoewel dalk net in my kop!"

Tog het deure die een na die ander vir Jannie bly oopswaai. Ná sy LLB het hy die volwasse wêreld as aanklaer en prokureursklerk aangedurf, maar sy verlange was na die verhoog. Toe "gebeur" die luisterliedjebeweging wat die publiek met ander ore na Afrikaanse musiek laat luister het. Jannie het saam met Laurika Rauch, Clarabelle van Niekerk, Louis van Rensburg en Anton Goosen in die *Musiek en Liriek*-konserte opgetree. Sy sololooptaan was onderweg.

Die moed om jou hart te volg, word soms wonderbaarlik beloon. Twee dae nadat Jannie se leerklerskap verstryk het, het hy uit die regsberoep bedank met die oog op 'n musiekloopbaan. Hy het op uitnodiging van *Radio en TV Dagboek* die pas geopende Tsitsikamma-wandelpad gaan stap, en toe hy tuis kom, wag daar 'n boodskap van prof. Chris Lamprecht van die Universiteit van Pretoria wat vra dat Jannie 'n ligte musiekgroep vir Tukkies begin.

"Dit was suiwer gebedsverhoring. Ek is 'n pos met 'n vaste inkomste aangebied waarin ek sewe jaar lank kosbare ervaring van die verhoog kon opdoen en onder mense soos prof. Anna Neethling-Pohl kon werk."

Jannie se revueprogram *Luister na die liedjies* en musiekblyspele *Loeloeraai*, *Gansdans* en *Rip* is in dié tyd gebore.

Vanaf 1988 was Jannie 'n jaar lank die organiseerder van ligte musiek by die Transvaalse Raad vir die Uitvoerende Kunste - jazz, kabaret en die reeks *Kerslig*, *Vers en Melodie* - maar in 1989 word sy jeugdroom waar. Hy bedank by TRUK en word voltyds musikant.

Ander bedrywe

Sing en speel alleen hou moeilik die pot aan



Christa Steyn en Jannie. Onder: Jannie en Laurika Rauch in *Van Berlyn tot Bapsfontein*. Regs: Jannie en die Tannie.



Dit span die kroon

Jannie du Toit vier die veertig jaar waarin hy sy passie kon uitleef met sy musiekstorie *Onderweg* - 'n koffietafelboek, 'n dubbele CD, *Vroeër en Later*, en 'n DVD, *Kyk*.

Die teaterproduksie *Onderweg* is as deel van die feestelike bekendstelling geskep en toer landwyd.

Meer inligting by www.janniedutoit.co.za of 072 460 5568. Die boek en laserskyf-stel kan bestel word van www.africansunmedia.co.za

die kook; Jannie het sy sakevernuif ook aan ander fronte ingespan. Behalwe vryskutwerk, het hy die musiekmaatskappy Janus gestig. "Toe ek en Christa in 1989 genooi is om 'n Oujaarskonsert in Tapei aan te bied, het ek kontak met Ritek, die eerste CD-vervaardiger in Suidoos-Asië, gemaak. Die jaar daarop het ek my album *Palet* uitgereik. Dis in Taiwan deur Ritek vervaardig en in Suid-Afrika deur my maatskappy JNS Musiek via EMI versprei. Dit het 'n groot mate van kommersiële sukses gehad en ek het ander kunstenaars begin help om hul CD's op die mark te kry - mense soos Christa, Lucas Maree, Coenie de Villiers, Mimi Coertse, Amanda Strydom en Nataniël. In 1992 het ek die Suid-Afrikaanse agentskap vir Ritek bekom.

"Omdat ek nie op die massamark gerig is nie, het ek op nie-komersiële kunstenaars gefokus. Die musiek verkoop hopelik goed, maar word met 'n artistieke oogmerk geskryf."

Jannie se gastehuis, Die Agterplaas B+B in Melville, is alombekend. "Ek het dit op *April Fools' Day* in 1999 geopen." Dis 'n bymekaarkomplek van buitelandse toeriste, kunstenaars en ander besoekers en as jy daar kuier, besef jy hoe veeleisend dit is om so 'n uitspanplek te bedryf. Jannie beskou homself as 'n praktiese mens en dis duidelik 'n talent wat jy moet hê wanneer loodgieters- en ander uitdagings opduik!

Die bekoring

Wat is dit omtrent musiek wat Jannie boei? "Musiek gaan reguit na die hart. Die impak daarvan kan jou onkant betrap. Natuurlik is party mense meer sensitief daarvoor. Ek bly



bewus van die gevaar dat musiek of lirieke sentimenteel kan wees. 'Leeuspruit', wat ek geskryf het oor die plaas waar ek gebore is en kleintyd dikwels gaan kuier het, is seker my mees outobiografiese liedjie, maar ek dink dat ek daarin geslaag het om dit redelik onsentimenteel te skryf."

Jannie se geestelike musiek raak baie harte. "Ek is seker konserwatief in mense se oë, maar ek glo régtig. Jare lank wou ek nie 'n geestelike album maak nie omdat ek geloof as deel van die alledaagse lewe beskou. Dis nie iets afsonderliks nie; ek het sulke liedjies somer by die sekulêre albums ingesluit. Maar my goeie vriend Clive Briscoe se opmerking dat sommige mense slegs geestelike musiek koop, het in 1998 aanleiding gegee tot die CD *Geloof, Hoop en Liefde*. Nadat ek en Christa in 2007 'n akoestiese Paasprogram in 'n klein kerkie voor honderd mense opgevoer het, het ons in samewerking met Maranatha *Diepverlange* uitgegee."

Die snit "Pie Jesu" met Chris Chameleon en Coenie de Villiers is seker een van die aangrypendste opnames deur Afrikaanse sangers. Jannie en Christa was ook deel van *Houtkruis* - die musical, die eerste Afrikaanse gospel-musiekspel.

Watter mylpale wil Jannie nog graag bereik?

"Dis die musiek self wat my vreugde gee. Ek hou van kabaret, musiekpele, koorwerk - jy kan jou uitleef in gehaltemusiek. My jeugideaal was om Afrikaanse musiek te maak. Ek het grootgeword met Engelse musiek soos dié van Bob Dylan, maar die Nederlandse kunstenaars Jules de Corte, Herman van Veen en Robert Long het my gewys dat woord en musiek op 'n heel ander manier bymekaar kan uitkom.

"Ek skryf lirieke, maar ek is nie 'n filosoof soos Lucas Maree en Koos du Plessis nie. Ek is jaloers op hulle. My aanslag is meer *matter of fact*.

"Ek het altyd gesê ek wil musiek maak tot ek die dag my kop neerlê, al is dit net vir die ander ooms en tannies in die aftreeroord. Dis by my 'n veel groter begeerte om hiermee te kan aanhou as om in Hollywood op te tree. Hoe ouer ek word, hoe meer besef ek dis 'n yslike droom - jy moet jou stem en ore behou, en daar moet mense wees wat wil luister."

As die sielsvoedende dubbel-CD-stel en DVD *Onderweg* enigsins 'n aanduiding is, hoef Jannie nie te vrees dat die gehoor sal verdwyn nie. Dis 'n ryk oes van beleë musiek. Hoe goed om te weet dat die oënskynlike lugspieëling in vier dekades omvorm is tot 'n oorfloed van diep, helder water wat die lewe in al sy soet én bitterheid weerkaats. ●